Die genadeheerskappy van Christus maak ons onself in liefde laat geld en handhaaf

ds. PJ Kriel Adventpreek 13.12.2105

Inhoud. Heiligheid en geregtigheid beteken die regte en volkome liefde vir God. God maak ons selfgeldend in liefde. Die gelykstelling tussen reg en geregtigheid in menseregte met geregtigheid in die Bybel maak die kerk weerloos teen goddeloosheid se minagting.

Skriflesing: Jesaja 9 vers 1 tot 6; Luk. 1: 34,35; 67 tot 79

Teks: 74 en 75: Direkte vertaling: sodat ons gered uit die hand van ons vyande, Hom sonder vrees kan dien en al ons dae voor Hom kan leef in heiligheid en geregtigheid.

Tema: Die genadeheerskappy van Christus maak ons onself in liefde laat geld en handhaaf.

1.Kersfees gaan oor die koms van die koning van reg en geregtigheid volgens die profeet Jesaja se aankondiging in Jesaja 9.

Dit is die gawe van Kersfees: die gawe van reg en geregtigheid.

Hierdie gawe van reg en geregtigheid noem Sagaria in sy loflied die gawe om God onbevrees te kan dien, in heiligheid en geregtigheid al die dae van ons lewe.

Dit is die verlossing en bevryding wat ons met Kersfees vier: die bevryding van onreg en ongeregtigheid. Luk.1: 68, 69.

2.Wat hoor u in u eie gemoed wanneer u die volgende woorde hoor:

“reg en geregtigheid!”

Dit is omdat in ons gewone daaglikse lewe hierdie woorde hulle geloofsinhoud verloor het dat die betekenis van Kersfees vir ons so maklik verlore gaan.

Wie is vandag in die gewone lewe ingesteld op reg en geregtigheid?

Die mense wat gewoonlik ingesteld is op reg en geregtigheid is mense wat verontreg is en wie se regte geskied of ontneem is. Reg en geregtigheid gaan oor arbeid en CCMA sake.

Daarom word reg en geregtigheid gewoonlik verstaan as gegriefdheid. Dit gaan oor die gegriefdheid van mense wie nie hulle regte kon handhaaf nie en wat te swak was om hulle self te handhaaf.

Daarom is reg en geregtigheid gewoonlik belangrik vir mense wat magteloos was of is. Hulle was te weerloos om hulle self te handhaaf en hulle is onbevoeg, ontoereikend of onkundig om hulle regte self te laat geld.

Reg en geregtigheid is die beheptheid van swakkelinge. U kan dit ook sielkundig toets: die is gewoonlik kinders wat swak en weerloos is wat hulle op reg en geregtigheid beroep want hulle het niks anders waarmee hulle hul self kan laat geld nie.

3.Daarom kry die woorde “reg en geregtigheid” ook altyd die betekenis van “kampvegters” vir minderbevoorregtes, onderdruktes en randfigure in die samelewing.

Dit is juis omdat weerloses en swakkelinge hulle nie self kan laat geld nie dat hulle dan 'n kampvegter moet kry wat die mag, die bekwaamheid en kundigheid het om vir minderbevoorregtes se regte te kan veg en instaan.

Daarom voel elke kampvegter vir swakkelinge en weerloses se regte hulle as die groot bevryders van die magteloses.

Toets dit maar self!

Hoe opgewonde maak dit u as u sou hoor dat Jesus is die Groot Bevryder wat veg vir swakkelinge se reg en geregtigheid?

Hoekom beïndruk dit nie?

Kersfees is die boodskap van Jesus as die Groot Bevryder wat reg en geregtigheid bring vir swakkelinge!

Al mense vir wie dit goed kan klink is verbitterde en gegriefde swakkelinge!

4. Só verstaan beteken reg en geregtigheid altyd mag. Die mag om jou gegriefdheid te kan wreek! Die mag om die onregte teen jou te herstel! Die mag om teenoor al die verkeerde dinge wat jou aangedoen is, geregtigheid te kan afdwing met mag.

Dit is presies net hoekom ons glad nie meer die woorde reg en geregtigheid soos dit in die Bybel geopenbaar word, kan verstaan en hoekom hierdie woorde ons net nie meer opgewonde kan maak nie.

Want ons voel gewoonlik ons is die mense wat die mag het wat ons self kan laat geld! Ons kan onsself en ons regte handhaaf of ons kan self daarvoor opstaan en self daarvoor veg.

Hoekom het ons dan ʼn kampvegter vir menseregte nodig?

Kampvegters vir menseregte is die mense wat teen ons veg omdat ons juis nie weerlose swakkelinge is nie.

Reg en geregtigheid is in ons gemoed die stryd teen ons omdat ons nie swakkelinge is nie. So as Jesus ʼn Kampvegter vir mense regte is, is Hy net nog een wat teen ons veg!

5.Maar volgens die Profeet Jesaja en Sagaria se loflied is Jesus die koning van reg en geregtigheid!

Wat hoor ons verkeerd?

Wat ons verkeerd hoor is die woord reg en geregtigheid! Reg en geregtigheid in die Woord van God gaan oor ware liefde, nie oor gegriefdheid en bitterheid oor mishandeling nie.

Reg gaan oor liefde wat waar en reg soos wat God in sy wet wys hoe ware regte liefde is. Geregtigheid gaan oor die innerlike geloof en ingesteldheid om liefde soos dit regtig is na te streef en innerlike verbind te wees tot die eis van regte liefde volgens God se wet.

Dit is die betekenis van die woorde in heiligheid en geregtigheid in Sagaria se loflied:

geregtigheid is die innerlike verbintenis tot regte ware liefde en heiligheid is die die verbintenis tot volkome ware liefde.

6.Wat ons verkeerd hoor is die woord “liefde”!

Met die woord liefde hoor ons “om aanvaar te word net soos jy is met al die foute wat jy het”, daarom beteken liefde nie ʼn innerlike verbintenis tot reg en geregtigheid nie, maar die innerlike versugting om jouself te kan wees en te mag wees soos jy in jou slegtheid is!

Dit is al wat ons met die woord verlossing in die Bybel gemaak het: God aanvaar jou met al die foute en swakhede wat jy het. Hy baklei juis vir jou regte omdat jy so vol foute is dat jy eintlik maak niks anders as ʼn swakkeling is nie.

Daarom is verlossing en bevryding om met al jou foute reg en geregtigeid te kry! Vergelding en beloning vir al jou gegriefdheid met die mense om jou en die lewe!

As God jou met al jou foute aanvaar net soos jy is, wat is jy?

Jy is nie goed en reg genoeg vir God soos Hy ware liefde gee en verwag nie!

Wanneer jy aanvaar omdat jy nie goed en reg genoeg is vir hoe God regtig lief het en regtig liefde verwag nie, wat maak dit jou innerlik?

Dit maak jou iemand wat weet ek is ŉ swakkeling en ek het ŉ kampvegter vir my gegriefdheid in die lewe nodig want ek kan myself so laat geld dat ek reg en goed is nie.

7.Voel u nou gelukkig met die bevryding van Kersfees?

Nooit goed en reg genoeg nie, ŉ swakkeling wat ŉ Kampvegter, Jesus, gekry het vir jou gegriefdhede!

Ons moet die Woord van God hoor in sy regte bedoeling: ware liefde is reg en geregtigheid! Liefde uit die innerlike waardigheid dat ek reg en goed is vir God se wet en volkome is vir God se wet!

Nie om maar so sleg as wat ek is maar aanvaar te word nie, maar ŉ innerlike verbintenis tot God se liefde soos Hy dit as ware liefde in sy wet bedoel, omdat ek reg en goed genoeg is, kragtig is in hierdie liefde, sterk is om so lief te hê en onsself in hierdie liefde kan laat geld en handhaaf.

In die Bybel is reg en geregtigheid die innerlike liefde vir God en my naaste volgens sy wet omdat ons in reg en geregtigheid kragtig en sterk is, nie verontreg en swak is nie, nooit regtig goed genoeg en te sleg daarvoor nie.

8.Hoor u dit só dan kry die woord verlossing en bevryding ŉ totaal nuwe betekenis.

- Dan beteken verlossing en bevryding om jou te verlos om die swakkeling te wees wat ŉ kampvegter nodig het vir jou mense regte!
- Dan beteken verlossing en bevryding dat jy kragtig in reg en geregtigheid is en daarom ook uit innerlike liefde daartoe verbind is.
- Dan is reg en geregtigheid nie iets waarvoor vir ŉ swakkeling baklei moet word nie.

Dit is die innerlike waardigheid en kragtige selfgelding van mense wat altyd reg en regverdig is. Dit is nie die versugting van veronregtes nie.

Die is die kragtige selfgelding van mense wat goed en waardig is.

Dit is nie iets waarvoor ons veg en stry nie. Dit is die innerlike wyse waarop ons lief het. Die wys waarop ons God, onself en ons naaste liefhet: in reg en geregtigheid!

9.Kan u nou die aankondiging van Kersfees anders hoor?

Wonderbare Raadsman!

Christus wat God is en self as mens uit die maagd Maria gebore word, is nou die heilige en regverdige mens in ons plek wat ons nie kan wees nie! Christus is die Wonderbare Raadsplan van God vir sondaars.

Magtige God!

Deur die krag van sy godheid sluit hy ons in sy heiligheid en regverdigheid as mens en deel dit met ons dat ons dit werklik saam met Hom is. Daarom verkondig Sagaria: ons kan Hom onbevrees dien in die heiligheid en regverdigheid wat ons is in dit wat ons met Hom as mens deel.

Dit is kragtige verlossing, en bevryding: om heilig en regverdig vir God gemaak te word.

Ewige Vader!

Sagaria verkondig dat God nou ontferming aan ons bewys, dat Hy nou ons as sy kinders omsien en ons in die lig laat leef dat ons vir God as Vader goed en reg, vry van die duisternis dat ons maar altyd sleg en God ons maar so moet aanvaar.

Vredevors!

Sagaria verkondig in sy loflied dat Christus as Here ons voete op die pad van vrede plaas. Die Vrede om innerlik verbind te wees aan die eis van heiligheid en regverdigheid volgens God se wet: om verbind te wees in die strewe om reg en volkome lief te hê soos God dit wil.

10.Kan 'n kind wat só Here het,

Wonderbare Raadsman,
Magtige God,
Ewige Vader,
Vredevors,

'n patetiese swakkeling wees wat altyd maar so sleg is dat jy hom maar net so met aanvaar soos hy is, iemand wat altyd verontreg sal word deur magtiges en altyd een of ander kampvegter sal nodig hê omdat hy homself nooit kan laat geld nie?

Dit is wat die aankondiging beteken: “Gered uit die hand van ons vyande verlos uit die hand van ons haters kan ons god in heiligheid en geregtigheid dien.

Die kampvegters vir ons menseregte is ons vyande! Want hulle erken nie dat ons die kinders van só ’n Here is nie:

- Wonderbare Raadsman wat self die heilige mens is wat hulle nie kan wees nie.
- Magtige God wat ons as kinders in alles wat Hy as mens is laat deel deur sy lyding vir ons sonde: ons is nou vir God geheiligde en geregverdigde kinders, nie slegtes wat niks anders kan wees nie.
- Ewige Vader, ons leef uit die liefde van God wat ons in sy ontferming wat ons sy goeie en regte kinders laat wees.
- Vredevors, wat ons innerlike verbind aan die strewe om vir God lief te hê soos Hy verwag, volle en regte liefde volgens sy wet.

11.Omdat God so Here is vir ons, kan ons

- onsself laat geld as mense wat weet hulle is heilig en regverdig gemaak vir God hulle Vader

- onsself handhaaf teen al die verwyte en oordele dat ons ook maar net sleg is soos ander, omdat ons goed en reg gemaak is vir ons Vader.

- ons reg om kinders van God te wees maak nie saak hoe mense ons beledig of verliese toedien, nooit verloor asof ons verontregte kinders van God is nie.

- ons sukkel in ons onbeholpenheid in die strewe om God ten volle reg lief te hê sonder om ooit te moet glo ons is te sleg om God te volle en reg lief te hê.

- in al die swaarkry en seer wat ons dra in hierdie kindskap en innerlike verbintenis om God ten volle en reg lief te hê nooit ons swaarkry en seer die mag maak om onself as verontregte swakkelinge te sien wat Kampvegters vir ons regte nodig het nie.

Die wyse waarop Christus ons Here is, het ons van hierdie gewaande “kampvegter Jesus” en sy magtige geestelikes bevry.

Ons is nie Kampvegter Jesus se swakkelinge nie.

Ons is die Here Jesus se heilige en regverdige kinders.

Kinders wat deel is van ’n kragtige verlossing wat ons selfgeldende kinders maak: ons kan en mag God en ons naaste ten volle en reg liefhê.

Sonder vrees mag ons God in heiligheid en geregtigheid dien, die heiligheid en geregtigheid wat die ware Kersgeskenk van Kersfees is.

12.Kom ons kyk wat beteken hierdie verlossing wat die lig is vir hulle wat in die duisternis is en in die skaduwee van die dood leef, soos Sagaria dit aangekondig het.

Hoe swak en weerloos is hierdie mense wat so sleg is dat hulle maar net aanvaar moet word soos hulle is? Hierdie onderdrukte verontregtes vir wie magtiges kampvegters moet wees vir hulle menseregte?

Hierdie gegriefde swakkelinge wat in massa in die strate afloop om hulle verontregtheid te demonstreer!

So swak en weerloos dat hulle klippe deur winkelvensters kan gooi!
So swak en weerloos dat hulle karre en geboue kan afbrand!
So swak en hulpeloos dat hulle mense kan aanrand!
So swak en weerloos dat hulle kan moor en plunder!
So swak en weerloos dat hulle hul kampvegters kan beledig en verneder!
So swak en weerloos dat hulle al hierdie geweld kan uitvoer teenoor die polisie en weermag wat teenoor hulle staan sonder dat hulle enige vrees vir hierdie magte het!

Hoekom is hulle so kragtig en driftig in hulle wetteloosheid?

Want hulle het met die owerheid ŉ kontrak: julle mag ons voorstel om die weerloses en slegte swakkelinge te wees vir wie julle die magtige kampvegters is, julle mag julle self die konings, leiers en presidente van die verontregtes maak,

sodat

wanneer ons met wettelose geweld ons drifte vier, dat julle geen van julle magte teen ons sal gebruik nie.

Dit is hoe kragtig hierdie verontregte swakkelinge is! Dit is hoe swak hierdie magtige leiers van die verontregtes is.

13.Watter Here ken en dien ons?

Kampvegter Jesus! Die Kampvegter vir swakkelinge se regte. Kampvegter Jesus die Leier van die gegriefde patete?

Dan moet ons net onthou hoe hierdie geestelike met hierdie tipe God kontrak regtig werk! As Hy ons Kampvegter is, dan moet Hy ook sy magte inhou en inperk wanneer ons ons drifte met wetteloosheid laat geld.

Want ons het Hom Here gemaak met ons gegriefde verontregte swakheid en nou moet Hy as Here terugstaan wanneer ons Hom en sy magte met ons wetteloosheid uitdaag!

Vasgevang in die duisternis en skaduwee van die dood! Gemaakte swakkelinge vir ʼn Kampvegter wat ons wetteloosheid moet verdra!

Die Here Jesus is geen weerlose swakkeling se Here.

Hy is Wonderbare Raadsman,
Magtige God,
Ewige Vader,
Vredevors,

wat sy kinders heilig en regverdig met wie Hy as mens in hulle plek is,
wat sy kinders vir Hom goed en reg laat wees,
wat sy kinders kragtig maak verbind te wees tot volle regte liefde
wat sy kinders in die vrede laat leef van mense wat strewe na volle en regte liefde volgens sy wil

Geen Kampvegter se swakkeling nie.
Geen Magtige se pateet nie.
Geen Geestelike se weerlose gegriefde nie!
Geen slegte niksnut wat net as slegte niksnut aanvaar moet word nie.

Verlos om sonder vrees God te kan dien in heiligheid en geregtigheid
en die krag en waardigheid van ʼn heilige geregverdigde kind van God!

Die genadeheerskappy van Christus maak ons onself in liefde laat geld en handhaaf

ds. PJ Kriel 13.12.2105

Eksegetiese notas: Jesaja 9 en Loflied van Sagaria Lukas 1.

- Die aankondiging van die geboorte van 'n Seun in Jesaja gaan oor die aankondiging van die geboorte van die beloofde Seun van Dawid in die Dawidsbelofte deur die profeet Natan in 2 Sam.7:11-. Lukas 1 verse 69 en 70 sluit direk aan by die aankondiging van hierdie Seun se koms.
- Die verwysing van lig vir wie in die duisternis is in Lukas 1:79 sluit ook direk aan by Jesaja 9 vers 1 wat die beloofde Seun se geboorte aankondig.
- Jesaja 9 verse 1 tot 6 gaan inhoudelik oor die twee groot beloftes van God: verse 1 tot 4 oor die Abrahamsbelofte (Eseg. 36:24 en Jer. 31:31-)en verse 5 tot 6 oor die Dawidsbelofte. Net so handel die loflied van Sagaria in Lukas 1 ook oordie vervulling van hierdie twee beloftes verse 69 en 71 oor die die Dawidsbelofte en 72 tot 75 oor die Abrahamsbelofte.
- Inhoudelik gaan die twee gedeelte ook oor dieselfde saak: Jesaja gaan oor die genadeheerskappy waardeur God reg en geregtigheid vir sy volk in stand sal hou; Lukas se aankondiging gaan juis oor sy volk wat sonder vrees voor Hom heiligheid en geregtigheid kan leef. Luk 1:75 Nuwe Direkte vertaling en 1953.
- Lukas verbind die Dawidsbelofte direk aan die heiligheid van Jesus in Lukas 1: 35. Hy noem ook die gelowiges dwarsdeur die Handelinge boek die heiliges.
- Die beskrywing van die genadeheerskappy van Christus in Lukas en Jesaja stem ook ooreen:

| | |
|---|---|
| Wonderbare Raadsman | Die kind wat gebore sla word is die Seun van God. |
| Magtige God | krag van Allerhoogste en kragtige verlossing bewerk |
| Ewige Vader | Seun van Allerhoogste en God se innige ontferming |
| Vredevors | om ons voete op die pad van vrede te plaas. |

- Teenoor die genadeheerskappy staan vyande van die kerk: haters van reg en geregtigheid, hulle wat reg en geregtigheid verdraai om onreg en onregverdigheid te maak, en onreg en onregverdigheid reg en geregtigheid maak: die verskil tussen lig en duisternis.
- Bevryding van wetteloosheid van die magtiges: Luk 1 verse 51 en 52.
- Die verskil tussen magtiges, rykes teenoor geringes en hongeriges gaan oor die verskil tussen die Abrahamsbelofte 1 vers 55 teenoor 'n gemeenskap wat hulle begeertes uitleef as die lig en leiding van God in hulle lewe. (Welvaarts-geestelikheid)
- Die haat van die goddelose is dat gelowiges nie die reg en geregtigheid sal najaag van Christus nie, maar die reg en geregtigheid van die begeertes van

die goddeloses. Dit is om hulle gedienstig te maak aan wetteloosheid en losbandigheid.

Homiletiese notas.

- Die kerk se geloofsgehoorsaamheid aan God is nie gedienstigheid aan die mag van goddeloses nie.
- Dit is ’n misgissing van mag dat goddeloses voorhou dat gelowiges se gehoorsaamheid is uit vrees vir hulle mag en hulle oorheersing.
- Dit is net so groot misgissing dat goddeloses dankbaar sal word of sa verander deur die gehoorsaamheid van gelowiges. Hulle verbintenis tot reg en geregtigheid is juis wat hulle haat en wrewel opwek en aanvuur.